education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2009

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig en volg hulle noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.

3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.

4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Verwys na die tabel op die volgende bladsy.

Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Poog om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Leeruitkomste gedek:**
Bank- en krediteureversoening	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS4 Ontleed en vertolk versoeningstate LU3 Bestuur van hulpbronne - AS6 Pas interne beheer- en ouditprosesse toe

VRAAG 2: 35 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Leeruitkomste gedek:**
Voorraadwaardering	LU3 Bestuur van hulpbronne - AS4 Bevestig en bereken voorrade - AS6 Pas interne beheerprosesse toe LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Finale rekeninge

VRAAG 3: 45 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Leeruitkomste gedek:**
Geprojekteerde Inkomstestaat	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS2 Ontleed en vertolk geprojekteerde inkomstestaat LU3 Bestuur van hulpbronne - AS5 Etiese kode - AS6 Pas interne beheerprosesse toe

VRAAG 4: 50 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Leeruitkomste gedek:**
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde - AS1 Ontleed en vertolk koste-inligting - AS1 Stel 'n produksiekostestaat op

VRAAG 5: 55 punte; 35 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Leeruitkomste gedek:**
Vertolking van finansiële inligting	LU1 Finansiële rekeningkunde - AS1 Definieer konsepte - AS5 Vertolk finansiële state LU3 Bestuur van hulpbronne - AS5 Etiese kode en rol van professionele liggame

VRAAG 6: 80 punte; 45 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Leeruitkomste gedek:**
Vaste bates en kontantvloei	LU3 Bestuur van hulpbronne - AS3 Vertolk en doen verslag oor bateverkope LU1 Finansiële rekeningkunde - AS5 Opstel en vertolking van 'n kontantvloeistaat

VRAAG 1

VERSOENING **(35 punte; 20 minute)**

1.1 BANKVERSOENING

Jy word voorsien van inligting uit die Bankversoeningstaat van Phatudi Handelaars op 31 Augustusus 2008. Die besigheid bank by Topbank.

GEVRA:

1.1.1 Waarom is dit belangrik vir 'n besigheid om 'n maandelikse Bankversoeningstaat voor te berei? Noem TWEE punte. (2)

1.1.2 Een van die tjeks wat nie aan die bank vir betaling ingedien is nie, is foutiewelik hanteer. Watter tjek is dit? Verduidelik jou keuse. Dui die korrekte prosedures wat gevolg moet word, aan. (4)

1.1.3 Bereken die korrekte saldo vir die bankrekening in die grootboek van Phatudi Handelaars (bring jou antwoord op VRAAG 1.1.2 hierbo in berekening). (4)

1.1.4 Verduidelik hoe tjek nr. 2719 hanteer moet word wanneer die finansiële state op 31 Augustus 2008 opgestel word en verduidelik die rede vir hierdie hantering. (4)

1.1.5 Verduidelik waarom 'n vooruitgedateerde tjek van Phatudi Handelaars wat op 20 Augustus 2008 ontvang is, maar wat 20 September 2008 gedateer is, nie op die Bankversoeningstaat verskyn nie. (2)

1.1.6 In September het die interne ouditeur opgemerk dat die deposito van R12 390 wat in die Augustus-bankversoeningstaat verskyn het, op die September-bankstaat van Topbank as R2 390 verskyn het. Topbank is korrek.

(a) Waarom behoort die interne ouditeur baie bekommerd oor die verskil van R10 000 te wees? (2)

(b) Wat behoort die interne ouditeur hieromtrent te doen? Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:
Die volgende items het op 31 Augustus 2008 op die bankversoeningstaat van Phatudi Handelaars verskyn. Die boekhouer is nie seker of enige foute gemaak is nie.

Oortrokke bankrekening soos op die bankstaat van Topbank	R 25 260
Uitstaande deposito (31 Augustus 2008)	12 390
Uitstaande tjeks	
Nr. 2461 (gedateer 12 Februarie 2008)	6 000
Nr. 2719 (gedateer 19 September 2008)	2 500
Nr. 2874 (gedateer 21 Augustus 2008)	3 800
Saldo soos op die bankrekening in die grootboek van Phatudi Handelaars	?

1.2 KREDITEUREVERSOENING

Die Krediteurekontrolerekening en Krediteurelys van Mega Winkels is deur 'n onervare boekhouer opgestel. Sy het die volgende syfers aan die einde van die maand geïdentifiseer:

- Krediteurekontrole-saldo, R55 670
- Krediteurelys-totaal, R39 240

GEVRA:

1.2.1 Waarom behoort hierdie twee syfers ooreen te stem? (2)

1.2.2 Bereken die aangepaste saldo van die Krediteurekontrolerekening en Krediteurelys. Gebruik die formaat wat voorsien is om jou bewerkings te toon. (11)

INLIGTING:

'n Ondersoek het die volgende geopenbaar:

(a) 'n Optelfout in die Krediteurelys het veroorsaak dat die totaal met R480 te min opgetel is.

(b) 'n Kredietaankope van skryfbehoeftes van Micro Bpk. vir R1 960 is foutiewelik uit die boeke gelaat.

(c) Handelsvoorraad, aan Excess Bpk. teruggestuur, R720, is korrek in die Krediteureafslagjoernaal (KAJ) aangeteken maar is as R270 na die krediteurerekening van Excess Bpk. oorgeboek.

(d) Die Krediteurekontrole-totaal in die Kontantbetalingsjoernaal is R8 200. Die boekhouer het dit foutiewelik in die Krediteurekontrole-rekening gekrediteer.

35

LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 2

VOORRAADWAARDERING (35 punte; 20 minute)

Jy word van inligting in verband met Magic Sokkerballe Winkel voorsien vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009. Die eienaar van die besigheid is Peter Pule.

Die besigheid gebruik die deurlopende voorraadstelsel en die EIEU-metode om voorraad te waardeer.

GEVRA:

2.1 Verduidelik die betekenis van die term *EIEU.* (2)

2.2 Die verkoopprys van sokkerballe is deur die jaar konstant gehou. Bereken die verkoopprys per sokkerbal. (3)

2.3 Die eienaar, Peter Pule, is bewus daarvan dat sommige sokkerballe in April 2008 uit die stoorkamer gesteel is. Geen inskrywing is gemaak nie.
- Bereken die aantal sokkerballe wat vermis word. (5)
- Watter dubbele-inskrywing sal jy in die boeke maak om dit aan te teken? Verskaf ook die bedrag. (3)

2.4 Waardeer die voorraad aan die einde van die jaar volgens die EIEU-metode. (7)

2.5 Bereken die volgende:
- Koste van verkope (5)
- Bruto wins vir die jaar (3)

2.6 Peter is nie seker wanneer hy die volgende bestelling vir sokkerballe moet plaas nie.
- Hoe lank kan hy verwag dat die eindvoorraad sal hou? Voorsien syfers of 'n berekening om jou antwoord te ondersteun. (3)
- Watter raad sal jy aan Peter gee ten opsigte van die eindvoorraad? Verskaf TWEE punte. (4)

INLIGTING:

Rekeningkunderekords in verband met die sokkerballe:

Besonderhede	Datum	Aantal balle	Eenheids-prys	Totaal
Beginvoorraad	1 Maart 2008	750	R110	R82 500
Aankope		2 480		R340 800
	20 Mei 2008	800	R150	R120 000
	25 Oktober 2008	1 200	R120	R144 000
	16 Desember 2008	480	R160	R76 800
Eindvoorraad	28 Februarie 2009	1 100	?	?
Verkope	1 Maart 2008 tot 28 Februarie 2009	2 100	?	R430 500

35

VRAAG 3

GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT (45 punte; 30 minute)

Jy word voorsien van 'n Geprojekteerde Inkomstestaat van Riverside Handelaars vir Januarie en Februarie 2009. Die werklike syfers word ook voorsien. Cheryl Rivers is die eienaar van die besigheid.

Sy gebruik te alle tye 'n vaste winsopslagpersentasie en kredietverkope beloop 60% van alle verkope.

RIVERSIDE HANDELAARS
GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT VIR JANUARIE EN FEBRUARIE 2009

	JANUARIE BEGROOT	JANUARIE WERKLIK	FEBRUARIE BEGROOT	FEBRUARIE WERKLIK
Verkope	540 000	**396 000**	594 000	**360 000**
Koste van verkope	300 000	**220 000**	330 000	**200 000**
Bruto wins	240 000	**176 000**	264 000	**160 000**
Ander inkomste	47 000	**34 000**	53 000	**44 000**
Kommissie ontvang	11 000	**16 000**	11 000	**23 000**
Huurinkomste	36 000	**18 000**	42 000	**21 000**
Bruto bedryfsinkomste	287 000	**210 000**	317 000	**204 000**
Bedryfsuitgawes	(154 480)	**(147 580)**	(136 128)	**(143 300)**
Salaris van die stoorbestuurder	40 000	**40 000**	50 000	**50 000**
Lone van winkelassistente	24 000	**24 000**	24 000	**16 800**
Diverse bedryfsuitgawes	13 000	**9 000**	14 000	**9 000**
Motorvoertuiguitgawes	12 000	**13 200**	12 000	**13 200**
Telefoon	1 000	**3 000**	1 000	**5 000**
Sekuriteitsuitgawes	7 000	**3 500**	7 000	**3 500**
Handelsvoorraadtekort	0	**18 000**	0	**12 000**
Opleiding van werkers	30 000	**10 000**	0	**0**
Advertensies/Reklame	5 000	**1 000**	5 000	**1 000**
Korting toegestaan	2 000	**0**	2 000	**0**
Oninbare skulde	6 480	**11 880**	7 128	**10 800**
Skryfbehoeftes	4 000	**4 000**	4 000	**7 000**
Waardevermindering	10 000	**10 000**	10 000	**15 000**
Bedryfswins	132 520	**62 420**	180 872	**60 700**
Rente-inkomste (6% p.j.)	12 000	**12 000**	12 000	**9 000**
Wins voor rente-uitgawe	144 520	**74 420**	192 872	**69 700**
Rente-uitgawe (15% p.j.)	(37 500)	**(37 500)**	(37 500)	**(37 500)**
Netto wins vir die jaar	107 020	**36 920**	155 372	**32 200**

GEVRA:

3.1 Bereken die winsopslag-% wat Cheryl vir haar besigheid gebruik. (4)

3.2 Verwys na die werklike syfers vir Februarie vir Rente-inkomste en Waardevermindering.

In elke geval, gee 'n waarskynlike rede waarom die werklike syfer van die begroting vir Februarie verskil. (4)

3.3 Cheryl is altyd bekommerd oor die interne beheer oor veral drie uitgawes: Skryfbehoeftes, Telefoon en Motorvoertuiguitgawes (veral omdat die brandstofprys onverwags met 25% aan die begin van Januarie gestyg het).

Lewer kommentaar oor of die uitgawes goed gekontroleer is aldan nie. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (7)

3.4 Cheryl is bekommerd dat sy aanhoudend elke maand nog kapitaal moet bydra sodat die besigheid se skulde vereffen kan word. Verduidelik waarom die Geprojekteerde Inkomstestaat haar nie sal help met die identifisering van redes vir hierdie probleem nie. (3)

3.5 Cheryl het ook geld geleen om hierdie besigheid te begin. Sy is nie seker of sy die leningterugbetalings, wat in Maart begin, sal kan bekostig nie.

- Bereken die bedrag van die lening. (4)
- Watter raad sal jy haar gee oor hoe sy fondse kan bekom om die lening terug te betaal? Noem TWEE punte. (4)

3.6 Cheryl is bekommerd oor die ondersteuning wat sy van haar klante ontvang. Sy is bekommerd dat sy 'klandisiewaarde' sal verloor.

- Haal syfers uit die vraag aan wat aandui dat sy blykbaar klante verloor. (2)
- Identifiseer DRIE punte, met geskikte syfers uit die Geprojekteerde Inkomstestaat, wat aandui dat sy foute in haar hantering van klante gemaak het. (6)

3.7 Die winkelassistente verdien gelyke lone. Twee van die ses winkelassistente het aan die begin van Februarie bedank. Hulle is nie vervang nie.

- Bereken die maandelikse salaris wat deur elke winkelassistent in Januarie verdien is. (3)
- Bereken die %-salarisverhoging wat Cheryl aan die winkelassistente in Februarie gegee het. (4)
- Gee TWEE redes waarom hulle nie met hierdie verhoging gelukkig sal wees nie. Haal bewyse aan om jou antwoord te ondersteun. (4)

45

VRAAG 4

VERVAARDIGING **(50 punte; 30 minute)**

Glen Tafelvervaardigers vervaardig houteetkamertafels. Glen Mabaso is die eienaar van die besigheid.

GEVRA:

4.1 Verwys na Inligting 8 hieronder. Bereken die Direkte Arbeidskoste vir die maand. (7)

4.2 Stel die Produksiekostestaat vir die maand geëindig 31 Julie 2008 op, met 'n afsonderlike nota vir Fabrieksbokoste. Toon ALLE ander bewerkings tussen hakies. (27)

4.3 Bereken die eenheidskoste van die produksie van 410 voltooide tafels (klaarprodukte) vir Julie 2008. (4)

4.4 Glen is van mening dat die kragonderbrekings 'n aansienlike negatiewe invloed op sy besigheid gehad het. Noem TWEE punte uit die vraag wat aantoon dat hy korrek is. Haal syfers/berekeninge uit die vraag aan om jou antwoord te ondersteun. (4)

4.5 Glen is bekommerd oor die kontrole ten opsigte van sekere kostes. Direkte grondstowwe is vir meer as 40% van die koste van 'n tafel verantwoordelik, terwyl direkte arbeid vir meer as 30% verantwoordelik is. Glen het jou advies nodig.
- Maak TWEE voorstelle oor hoe om effektiwiteit met die gebruik van direkte grondstowwe te verbeter.
- Maak TWEE voorstelle oor hoe om die effektiwiteit vir die direkte arbeiders te verbeter. (8)

INLIGTING VIR JULIE 2008:

1. Voorraad voorhande aan die begin en einde van die maand.

	1 Julie 2008	31 Julie 2008
Grondstofvoorraad	R40 000	R65 000
Goedere-in-bewerking	55 000	40 000
Klaarprodukte	Nul	Nul
Indirekte grondstowwe	6 000	Nul

2. Grondstowwe op krediet aangekoop, R180 000

3. Waardevermindering is soos volg:
   - Fabrieksmasjinerie, R7 400
   - Kantoortoerusting, R2 400

4. Fabrieksonderhoud in Julie betaal, R8 000. 'n Verdere bedrag van R3 500 vir herstelwerk aan masjinerie is verskuldig.

5. Elektrisiteit en water betaal, bedra R4 600 vir Julie. Die administrasiekantoor het 10% hiervan gebruik en die res is deur die fabriek gebruik.

6. Huur en versekering word volgens die vloeroppervlakte tussen die fabriek en administratiewe kantoor verdeel. Die fabriek bestaan uit 630 vierkante meter, tewyl die kantoor uit 270 vierkante meter bestaan. Die **maandelikse** huur vir die volle perseel beloop R30 000. Die **jaarlikse** versekeringspremie is R43 200.

7. Kontantaankope van indirekte grondstowwe, R20 000. Daar was geen voorraad van indirekte grondstowwe voorhande aan die einde van die maand nie. Die fabriek het 75% van die grondstowwe gebruik terwyl die res deur die kantoor gebruik is.

8. **Direkte arbeid en produksie:**

   Die 15 fabriekswerkers wat die tafels maak, werk 9 uur elk per dag. Die normale tarief is R36 per uur per persoon.

   Daar was normaalweg 20 werksdae in 'n maand, maar as gevolg van die kragonderbrekings, is die fabriek slegs 14 weeksdae in Julie 2008 bedryf.

   Om verlore tyd in te haal het die 15 fabriekswerkers elk 45 uur oortyd oor naweke gewerk. Die oortydtarief is dubbel die normale tarief.

   Alhoewel oortyd gewerk is, kon die mikpunt van 450 tafels per maand nie bereik word nie. Hulle kon slegs 410 tafels voltooi. Die gelykbreekpunt is 320 tafels.

9. **Ander salarisse en lone bestaan uit:**
   - Die fabriekskoonmaker verdien R2 600 per maand.
   - Die fabrieksvoorman verdien R15 000 per maand. Die boekhouer het vergeet om die voorman se pensioen te boekstaaf. Die werknemers se pensioenbydrae is 7% en die werkgewer se bydrae is 10%. Die bydraes word tot die salarisrekening toegevoeg.
   - Die administratiewe personeel verdien R13 000 in totaal per maand.

10. Die **verkoopprys van elke tafel** word vasgestel as koste van produksie plus R500 bruto wins per tafel.

11. Die twee verkoopspersone werk van die huis af op 'n kommissiebasis. Die besigheid dra geen vaste koste ten opsigte hiervan nie.

50

VRAAG 5

VERTOLKING VAN FINANSIËLE INLIGTING (55 punte; 35 minute)

Jy word voorsien van inligting oor Bhaga Speelgoed Beperk.

GEVRA:

5.1 'n Maatskappy se gepubliseerde jaarverslag bestaan uit vyf hoofdele. Pas die komponent van die jaarverslag in KOLOM 1 by die omskrywing in KOLOM 2. Die eerste een is reeds vir jou gedoen.

Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1 – 5) in die spesiale ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 6 – C.

KOLOM 1		KOLOM 2	
KOMPONENTE VAN DIE JAARVERSLAG		OMSKRYWING	
1	Inkomstestaat	A	dit is 'n geskrewe verbale verduideliking van bedrywighede van die maatskappy gedurende 'n finansiële jaar
2	Balansstaat	B	dit toon of die aandeelhouers die finansiële state kan vertrou of nie
3	Kontantvloeistaat	C	dit toon die wins/verlies van die maatskappy vir die jaar
4	Direkteursverslag	D	dit toon die uitwerking van die bedryfs-, finansiële en beleggingsaktiwiteite op die kontantmiddele
5	Onafhanklike Ouditeursverslag	E	dit toon die netto waarde van die maatskappy

(4)

5.2 Verwys na inligting 1, 2 en 3 aan die einde van hierdie vraag.
Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2008:

- Vuurproefverhouding (4)
- Voorraadomsetsnelheid (4)
- Skuld/Ekwiteitsverhouding (3)
- Netto batewaarde per aandeel (4)
- Verdienste per aandeel (3)

5.3 Lewer kommentaar oor die likiditeitstoestand van die maatskappy. Haal DRIE toepaslike finansiële aanwysers aan (werklike verhoudings of persentasies) om jou antwoord te ondersteun. (8)

5.4 Die maatskappydirekteure is van mening dat die aandeelhouers baie tevrede moet wees met die opbrengs, verdienste en dividende van die maatskappy. Haal DRIE toepaslike finansiële aanwysers aan (werklike verhoudings of persentasies) om hulle mening te ondersteun. (6)

5.5 Verwys na die markwaarde per aandeel. Baie mense is van mening dat die markwaarde van die aandele op die JEB 'n aanduiding is dat die direkteure goeie werk verrig of nie.

- Verduidelik waarom die markwaarde in hierdie geval so belangrik is. (2)
- Indien die maatskappy alle onuitgereikte aandele volgende jaar sou uitreik, hoeveel kapitaal kan die maatskappy verwag om in te samel? Voorsien 'n berekening om jou mening te ondersteun. Let wel dat die gemagtigde aandelekapitaal uit 1 000 000 gewone aandele teen R2 pariwaarde bestaan. (4)

5.6 Eerder as om meer aandele uit te reik, oorweeg die direkteure om eerder bykomende lenings aan te gaan. Haal TWEE toepaslike finansiële aanwysers aan (werklike verhoudings of persentasies) om hulle mening te ondersteun. (4)

5.7 Die ouditeure het aan die direkteure aangedui dat Direkteursgelde afsonderlik in die finansiële state getoon moet word en nie as deel van Salarisse en Lone nie. Die direkteure wil dit nie verander nie. Wat is jou mening hieromtrent? Verduidelik. (3)

5.8 Verwys na die artikel hieronder.

JEB SKORT WOODVIEW BPK. OP AS GEVOLG VAN GEEN JAARVERSLAG

[Deur Ima Snoop, 12 Feb. 2009]

Die handel in aandele van die meubelmaatskappy Woodview Bpk. is gister deur die JEB sekuriteitebeurs opgeskort nadat die maatskappy drie maande na die finansiële jaarsluiting nie hul jaarverslag gepubliseer het nie.

Die HUB van Woodview Bpk. het verduidelik dat die ouditeure hul verslag teruggehou het en dat dit die rede is vir die vertraging.

Die maatskappy het hul AJV uitgestel. Die aandeelhouers is nie van die rede vir die uitstel in kennis gestel nie.

Voordat die JEB opgetree het, het die aandeelprys van Woodview Bpk. met 30% tot 140 sent per aandeel geval.

Die direkteure van Bhaga Speelgoed Bpk. is bekommerd dat 'n soortgelyke probleem in hulle maatskappy kan voorkom. Verduidelik kortliks waarom dit 'n ernstige probleem vir die maatskappy kan wees. Noem TWEE punte. (6)

INLIGTING:

1. Die volgende inligting is geneem uit die Inkomstestaat vir 2008:

▪ Koste van verkope	R976 000
▪ Rente op lening (rente 13% p.j.)	25 000
▪ Netto wins voor belasting	750 000
▪ Netto wins na belasting	525 000

2. Die volgende **finansiële aanwysers** is vir die laaste twee jaar bereken:

	2008	**2007**
Bedryfsverhouding	4,1:1	2,1:1
Vuurproefverhouding	**?**	1,3:1
Voorraadomsetsnelheid	**?**	8 keer p.j.
Debiteure-invorderingstydperk	30 dae	30 dae
Krediteure-betalingstermyn	90 dae	60 dae
Skuld/Ekwiteitsverhouding	**?**	0,1:1
% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit (na belasting)	33,3%	25%
% opbrengs op totale kapitaal aangewend (voor belasting)	44,3%	25,8%
Netto batewaarde per aandeel	**?**	213,6 sent
Markwaarde per aandeel	240 sent	220 sent
Dividend per aandeel	20 sent	10 sent
Verdienste per aandeel	**?**	55,2 sent

3. BALANSSTAAT SOOS OP 30 JUNIE 2008

	2008	2007
BATES		
Niebedryfsbates	**1 619 040**	**1 611 000**
Vaste bates (drawaarde)	1 619 040	1 611 000
Bedryfsbates	**248 500**	**157 500**
Voorraad	99 500	62 500
Handels- en ander ontvangbares	100 000	40 000
Kontant en kontantekwivalente	49 000	55 000
TOTALE BATES	**1 867 540**	**1 768 500**
EKWITEIT EN LASTE		
Gewone aandeelhouersekwiteit	**1 657 040**	**1 495 000**
Gewone aandeelkapitaal (pariwaarde R2,00)	1 525 000	1 400 000
Aandelepremie	52 000	40 000
Behoue inkomste	80 040	55 000
Nie-bedryfslaste	**150 000**	**200 000**
Verbandlening: Tshwane Bank (13% p.j.)	150 000	200 000
Bedryfslaste	**60 500**	**73 500**
Handels- en ander betaalbares	60 500	73 500
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	**1 867 540**	**1 768 500**

55

VRAAG 6

VASTE BATES EN KONTANTVLOEI (80 punte; 45 minute)

Die inligting hieronder is uit die rekeningkundige rekords van Ryan Beperk op 29 Februarie 2009 geneem.

GEVRA:

6.1 Verwys na die Nota tot die Balansstaat vir Vaste/Tasbare Bates (Nota 1). Jy neem kennis dat die Grond en Geboue vir R5 miljoen verkoop kan word. Verduidelik waarom dit teen 'n baie laer syfer in die finansiële state getoon word. Noem die toepaslike AARP-konsep om jou antwoord te ondersteun. (3)

6.2 Wat is 'n *Vastebate-register*? Verduidelik hoe hierdie register die interne ouditeur in die verloop van sy dienste help. (4)

6.3 Verwys na die Nota tot die Balansstaat vir Vaste/Tasbare Bates (Nota 1). 'n Voertuig is op 31 Desember 2008 teen drawaarde vir kontant verkoop. Die oorspronklike kosprys van die voertuig was R130 000. Stel die Bateverkope-rekening op. (8)

6.4 Verwys na die Nota tot die Balansstaat vir Vaste/Tasbare Bates (Nota 1). Vul die ontbrekende syfers genoteer deur * in. (11)

6.5 Stel die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2009 op. (24)

Voorsien notas vir:

- Versoening tussen wins voor belasting en kontant deur bedrywighede gegenereer (14)
- Belasting betaal (5)
- Dividende betaal (5)

6.6 Die Kontantvloeistaat dui sekere belangrike besluite wat deur die direkteure gemaak is, aan. Noem DRIE van hierdie besluite. Voorsien in elke geval 'n moontlike rede waarom die direkteure daardie besluit geneem het. (6)

INLIGTING:

Uittreksel uit die Balansstaat:

	28 Febr. 2009	29 Febr. 2008
Vaste/Tasbare bates (sien Nota 1)	R2 795 000	R2 185 000
Bedryfsbates (sien Nota 2)	1 874 000	1 863 000
Gewone aandelekapitaal (R10 pariwaarde)	2 250 000	1 800 000
Aandelepremie	410 000	230 000
Behoue inkomste (sien Nota 3)	497 000	335 000
Nie-bedryfslaste (sien Nota 4)	900 000	1 200 000
Bedryfslaste (sien Nota 5)	558 000	483 000

Uittreksel uit die Inkomstestaat:

	28 Febr. 2009
Netto wins voor belasting	750 000
Inkomstebelasting vir die jaar (28%)	(210 000)
Netto wins na belasting	540 000

Notas tot die Balansstaat:

Nota 1. VASTE/TASBARE BATES	**Grond en geboue**	**Toerusting**	**Voertuie**
Drawaarde aan die begin van die jaar	*	435 000	*
Kosprys	*	615 000	900 000
Opgehoopte waardevermindering	0	*	(570 000)
Bewegings			
Toevoegings teen kosprys	230 000	300 000	*
Verkope teen drawaarde	0	0	(72 000)
Waardevermindering vir die jaar	0	*	(64 000)
Drawaarde aan die einde van die jaar	1 650 000	*	500 000
Kosprys	1 650 000	*	1 076 000
Opgehoopte waardevermindering	0	(270 000)	*

LET WEL: Nota 2 – 5 is op die volgende bladsy.

Nota 2. BEDRYFSBATES	**28 Febr. 2009**	**29 Febr. 2008**
Voorrade	920 000	780 000
Handels- en ander ontvangbare bedrae	345 000	429 000
Kontant en kontantekwivalente	555 000	654 000
	1 820 000	1 863 000

Nota 3. BEHOUE INKOMSTE	
Saldo op 1 Maart 2008	335 000
Netto wins voor belasting	540 000
Dividende vir die jaar	(378 000)
Tussentydse dividende betaal	(126 000)
Finale dividende aanbeveel	(252 000)
Saldo op 28 Februarie 2009	497 000

Nota 4. NIE-BEDRYFSLASTE	
Verbandleningsaldo op 1 Maart 2008	1 200 000
Rente gekapitaliseer	?
Maandelikse terugbetalings insluitende rente (12 x R37 000)	444 000
Verbandleningsaldo op 28 Febr. 2009	900 000

Nota 5. BEDRYFSLASTE	**28 Febr. 2009**	**29 Febr. 2008**
Krediteure	288 000	378 000
SAID – Inkomstebelasting	18 000	24 000
Aandeelhouers vir dividende	252 000	81 000
	558 000	483 000

80

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou